

# 24

## WIE IS EK?

### *My spiritualiteitsvoorkeure*

#### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat mense verskillende voorkeure het ten opsigte van spiritualiteit (godsdiensbeleving).

#### **SPEKIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet wat die tipiese spiritualiteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk is.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet tuis wees binne die spiritualiteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om te help bou aan die spiritualiteit van die Kerk.

#### **MEER INLIGTING**

##### **Verskillende spiritualiteite**

Spiritualiteit kan omskryf word as 'n manier van godsdiensbeleving wat ons geestelike waardes insluit. Elke mens is uniek en daarom beleef elkeen sy geloof op sy eie manier. Tog kan ons die wyses waarop mense hul spiritualiteit beleef op vier maniere definieer:

- **KOP-MENSE**

Gelowiges wat in hierdie kwadrant (sien die visuele voorstelling op bladsy 161) val, is mense wat hul godsdiens meestal met die kop beleef. Hulle hou byvoorbeeld van orde in die erediens. Die preke waarna hulle graag luister, moet logies aanmekaargesit word. Kop-mense hou van preke waar die predikant die een of ander teksgedeelte en tema analiseer en met argumente na vore kom. Hulle hou daarvan om preke en ook die Bybel te ontleed. Godsdiens moet vir hulle sin maak. Hulle hou byvoorbeeld van preke uit die Heidelbergse Kategismus. Die gebede tydens die erediens moet ordelik aanmekaargesit wees. Hierdie mense hou van gebede wat op 'n bepaalde manier

saamgestel is, en die voorbeeld wat dikwels gevolg word, is die *Onse Vader*. Die musiek en liedere tydens die erediens moet sober en Woord- en Skrifgetrou wees. Musikaal moet die lied ook onbesproke wees, met ander woorde, die melodie moet aan die eienskappe van klassieke kerkmusiek voldoen. Voorbeelde van liedere wat kop-mense sou verkies, is Psalm 68 en Gesange 477, 478 en 481.

Kritiek teen kop-mense se spiritualiteit sluit die volgende in:

- Hulle *belééf* nie hul godsdienste nie.
- Die erediens wat die kop-mense verkies, kan *koud en strak* wees (die erediens moet elke Sondag dieselfde volgorde en elemente hê).
- Hul spiritualiteit word soms gesien as *harteloos*, en die nood van mense is vir kop-mense nie baie belangrik nie.

#### • **HART-MENSE**

Die woordjie *hart* vertel vir ons presies wie in hierdie groep val. Die hart-mense is gevoelsmense. Dis mense wat spontaan sal getuig oor wat God vir hulle beteken en al vir hulle gedoen het. Hart-mense hou van sekere musiek en beleef 'n persoonlike verhouding met God en ander gelowiges. Hulle is entoesiasies wanneer dit by geestelike dinge kom. Hierdie lidmate glo dat hulle heilig moet lewe. Gebede moet vry en spontaan wees en daar moet onder andere vir ander mense gebed word. Die kerklied wat hierdie gelowiges verkies, moet gewoonlik vol emosie wees. Hulle wil die musiek voel, hulle hou van die gebruik van meer musiekinstrumente en mense wat voorsing, en die musiek moet lewendig wees. Gesange wat 'n mens hier sou kon noem, is 518, 514 en 547, en iets soos die Oorwinningslied wat nie in die Liedboek van die Kerk opgeneem is nie.

Kritiek teen die spiritualiteit van hart-mense sluit in:

- Dit is sentimenteel en leeg.
- Dit is emosioneel en selfs oppervlakkig.
- Daar is 'n gebrek aan diepte in hul toewyding aan God.
- Ander kritiek is dat mense wat God op hierdie wyse dien, dit op 'n eensydige manier doen. Dit is byvoorbeeld belangriker vir hulle om op sekere manier te “voel” oor God, as om Hom en sy Woord te leer ken.

#### • **MISTIEK-MENSE**

Mense wat onder hierdie groep gelowiges val, is mense wat oortuig is dat hulle *voor die voete van God moet sit en luister na sy geheimenisse*. Hulle sal byvoorbeeld verkies om in stilte iewers te mediteer. Die regte atmosfeer in die kerk is vir hulle belangrik, en hulle hou byvoorbeeld van kerse om tydens die erediens atmosfeer te skep. Hulle is op soek na kontak met God, en sit gewoonlik ure en nadink oor iets wat hulle in die Bybel gelees het. Sulke mense hou van die geheimenisse van God en sy Woord. In hul gebede fokus hulle op die ontsagwekkende van God, die teenwoordigheid van God en stilte. Die tipe musiek wat hulle verkies tydens die erediens is sagte begeleiding, meditatiewe liedere, en Taizé-liedere soos Gesange 181, 117, 384 en 526.

Kritiek teen mense wat hul geloof as 'n misterie beleef, sluit in:

- Die erediens voel te Rooms vir ons wat uit die Gereformeerde tradisie kom.
- Die mens kan tog nie een word met God nie.
- Daar is te veel geheimenis rondom hul siening van godsdienste en selfs God.
- Hulle misken die gemeenskapskarakter van die erediens. Hulle hou nie daarvan dat almal saam sing en byvoorbeeld in die erediens saam bid of hul geloof bely

nie. Om byvoorbeeld saam te werk tydens 'n fondsinsameling is waarskynlik vir hierdie mense ondenkbaar.

- **HAND-MENSE**

Hierdie gelowiges wil graag aktief werk in die gemeente. Die kerk en die gemeente word gesien as die gimnasium waar hulle hul spiritualiteit kan beoefen en uitleef. Hulle dryf die projekte in die gemeente, en is op 'n manier die gewete van die gemeente en sorg dat die gemeente gee en dinge doen vir byvoorbeeld die armes en behoeftiges. Hierdie lidmate sal ook 'n fondsinsameling vir Bybelverspreiding loods. Hierdie is die doen-mense in die gemeente. Hulle glo hulle moet hul gehoorsaamheid aan God uitleef. Hand-mense se gebed is gefokus op die wêreld en hulle hou daarvan dat daar in die gemeente voorbidding gedoen word vir mense, vergaderings en sekere sake. Die musiekvoorkeur van hand-mense is liedere wat 'n sterk melodie het en die ondertoon van 'n mars het. Gesange wat hulle sou verkies, is 308 en 514. Ander geestelike liedere waarvan hulle sou hou, is die Oorwinningslied en Houtkruis.

Kritiek teen die hand-mense se spiritualiteit sluit in:

- Te veel klem word op die doen van dinge gelê.
- Dit kan klink of hulle wil werk vir 'n plekkie in die hemel.
- Hierdie mense se geloof lyk soms of dit nie inhoud en diepte het nie.
- Hul spiritualiteit is te humanisties en gefokus op die wêreld.

### **Waar pas jy in?**

Mistiek. Hand. Hart. Kop.

Wanneer ons oor spiritualiteitsvoorkeure dink, moet ons verstaan waar ons inpas. Ons sal waarskynlik ook agterkom dat ons eie toewyding aan God of die belewenis van ons geloof nie net in een van hierdie kwadrante val nie. Ons moet beseft dat almal van ons se voorkeure nie dieselfde is nie en dat ons aan ander lidmate die ruimte moet gee om ook hul spiritualiteitsvoorkeure in die erediens en die gemeente uit te leef. Om 'n gesonde spiritualiteit in ons eie lewe, gemeente en kerk te hê, moet ons aan alhier hierdie aspekte aandag gee. Ons moet ons eie sterk punte en ander se sterk punte erken; so kan ons waarlik gemeente van die Here Jesus Christus wees.

In die gemeente moet ons aandag gee aan die volgende vier terreine om almal die geleentheid te gee om hul toewyding aan God uit te leef:

- **Barmhartigheidswerk**

Die barmhartigheidswerk van gelowige lidmate is belangrik om veral die hand-mense die geleentheid te gee om hul geloof uit te leef. Dis egter noodsaaklik dat die ander lidmate, die kop-mense, die hart-mense en die mistiek-mense, ook betrokke moet wees by die barmhartigheidswerk in die kerk. Dis 'n opdrag van Jesus om ons geloof uit te leef, en ons naasteliefde beteken juis dat ons mense in nood moet help.

- **Onderrig**

Die onderrig oor God en sy Woord in ons gemeentes met prediking, kategese en pastoraat is iets waarsonder ons nie gemeente kan wees nie. Ons moet God leer ken om Hom te kan vertrou en dit is wat geloof is: kennis van die Woord van God en vertrou in die God van die Woord. Ons kan nie net emosionele gelowiges wees nie, ons moet *leer en onderrig* in ons eredienste en ook veral in die kategese. Die hart-mense, die hand-mense en die mistiek-mense moet God ook leer ken in die prediking.

- **Gemeenskap van geloof**

Die gemeenskap van geloof waar ons werklik en hartlik vir mekaar omgee en lief is, is 'n sleutel tot gemeente wees. Ek kan nie op my eie gelowige wees nie. Wanneer ons in die kerk oor liefde vir God en mekaar praat, praat ons oor 'n saak van die hart. Die kopsense, hand-mense en die mistiek-mense moet by die hart-mense leer dat geloof ook te make het met gevoel, emosies en ervaring. Ons werksaamhede en ons eredienste in die gemeente moet ook aandag hieraan gee.

- **Verloop van die erediens**

Die manier waarop ons erediens hou en wat ons sing, die orde van die erediens en die gebeure in die erediens (liturgie) mag nie strak en koud wees nie. Om die Here te loof, is 'n opdrag in die Bybel. Ons moet onthou ons vier die erediens en ander kerklike feesdae soos Goeie Vrydag, Paassondag en Kersfees. Ons moet sekerlik meer aandag aan hierdie aspek van ons erediens gee en die kerklied wat ons gebruik, moet daarby aansluit. In die Liedboek van die Kerk is daar 'n ryke versameling liedere wat ons kan gebruik om so erediens te hou dat ons ook iets in die kerk kan voel. Die manier waarop ons die erediens inrig, moet telkens aanpas by die prediking (boodskap van die Skrifgedeelte) en die tyd van die kerklike jaar.

In die Nederduitsch Hervormde Kerk moet ons mekaar se geestelike behoeftes en die aanbidding en toewyding van God (spiritualiteitsvoorkeure) in ag neem. Ons moet by mekaar leer en mekaar se voorkeure respekteer.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het sy eie karakter, aard, tradisies en maniere van doen. Ons moet weet waar ons vandaan kom, waarheen ons op pad is en wie ons is. Daar is ander kerke wat meer fokus op belewenisse in die eredienste, soos die charismatiese groepe. Daar is mense wat graag daar wil wees en daar hoort. Daar is ook kerke wat meer ortodoks is, kerke en gemeentes wat alle emosies en ervaring uit die erediens haal. Hierteen moet ons ook waak. Die mense wat hou van die atmosfeer van die mistiek en die misterie is ook gelowiges en ons moet hulle ook die ruimte gee om hul geloof uit te leef. Om heilig, afgesonder vir die Here te lewe, is 'n opdrag van ons Here Jesus Christus. Om stil te word voor God is belangrik vir elke gelowige, daarom hou ons elke dag stiltetyd.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Vra die predikant of hy of sy tyd kan inruim om hierdie les te kom aanbied aangesien hy of sy op die hoogte behoort te wees van die fyner besonderhede van veral die inrigting van 'n erediens.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met Skriflesing uit Psalm 84 en gebed.

## **VANDAG LEER ONS**

Indien die predikant die les kom aanbied, stel hom of haar aan die woord, of gaan self voort.

## BEGIN SO


Elkeen van ons het ons eie ervarings van die kerk en die erediens. Ons dink en voel nie dieselfde oor hierdie saak nie. Die rede daarvoor is die feit dat elkeen van ons deur God uniek gemaak is. Vandag gaan ons uitvind watter soort gelowige elkeen van ons is. Die Heilige Gees woon in elkeen van ons en tog dink en voel ons nie dieselfde oor godsdienst nie. Die manier waarop ons voor God leef, die plek wat ons Hom in ons lewe laat inneem en die tipe verhouding wat ons met Hom het, verskil ook van mens tot mens.

## IETS INTERESSANT

Maak 'n volledige opsomming van MEER INLIGTING en behandel dit. Gebruik die prentjies onder IETS BELANGRIK om die voorkeure ten opsigte van spiritualiteit te verduidelik.

## IETS BELANGRIK

Prent die volgende by hulle in: Spiritualiteit kan ons omskryf as 'n manier van godsdienstbeleving, en hier het ons veral te make met ons geestelike waardes. Elke mens is uniek, en daarom beleef elke mens sy geloof op sy eie manier. Tog kan ons die wyses waarop mense hul spiritualiteit beleef op vier maniere beskryf:



- **KOP-MENSE**

Gelowiges wat in hierdie kwadrant (sien die visuele voorstelling hierbo) val, is mense wat hul godsdienst meestal met die kop beleef. Hulle hou byvoorbeeld van orde in die erediens. Die gebede tydens die erediens moet ordelik aanmekaargesit wees. Hierdie mense hou van gebede wat op 'n bepaalde manier saamgestel is, en die voorbeeld wat dikwels gevolg word, is die *Onse Vader*. Voorbeelde van liedere wat kop-mense sou verkies, is Psalm 68 en Gesange 477, 478 en 481.

Kritiek wat soms teen kop-mense se spiritualiteit uitgespreek word, sluit in:

- Mense belêf nie hul godsdienst nie.
- Die erediens is *koud en strak*.

- **HART-MENSE**

Die woordjie *hart* vertel vir ons presies wie in hierdie groep val. Die hart-mense is gevoelsmense. Dis mense wat spontaan sal getuig oor wat God vir hulle beteken en al vir hulle gedoen het. Gebede moet vir hulle vry en spontaan wees en daar moet onder andere vir ander mense gebid word. Die kerklied wat hierdie gelowiges verkies, moet gewoonlik vol emosie wees. Hulle wil die musiek voel, hulle hou van die gebruik van meer musiekinstrumente en mense wat voorsing, en die musiek moet lewendig wees. Gesange wat 'n mens hier sou kon noem, is 518 en 514.

Kritiek wat soms teen hart-mense se spiritualiteit uitgespreek word, sluit in:

- Dis sentimenteel en leeg.
- Dis emosioneel en selfs oppervlakkig.

- **MISTIEK-MENSE**

Hierdie mense sal byvoorbeeld verkies om in stilte iewers te mediteer. Die regte atmosfeer in die kerk is vir hulle belangrik, en hulle hou byvoorbeeld van kerse om tydens die erediens atmosfeer te skep. In hul gebed fokus hulle op die ontsagwekkende van God, teenwoordigheid van God en stilte. Die tipe musiek wat hulle verkies tydens die erediens is sagte begeleiding, meditatiewe liedere, en Taizé-liedere soos Gesange 181, 117, 384 en 526.

Kritiek teen mense wat hul geloof as 'n misterie beleef, sluit in:

- Die erediens voel te Rooms vir ons wat uit die Gereformeerde tradisie kom.

- **HAND-MENSE**


Hierdie gelowiges wil graag aktief werk in die gemeente. Die kerk en die gemeente word gesien as die gimnasium waar hulle hul spiritualiteit kan beoefen en uitleef. Hulle dryf die projekte in die gemeente, en is op 'n manier die gewete van die gemeente en sorg dat die gemeente gee en dinge doen vir byvoorbeeld die armes en behoeftiges. Hand-mense se gebed is gefokus op die wêreld. Gesange wat hulle sou verkies, is byvoorbeeld 308 en 514.

Kritiek teen die hand-mense se spiritualiteit sluit die volgende in:

- Dit kan klink of hulle wil werk vir 'n plekkie in die hemel.

### Waar pas jy in?

Mistiek. Hand. Hart. Kop.



Die meeste van ons sal weet dat ons godsdienstelewenis nie net in een van hierdie kwadrante val nie. Om 'n gesonde spiritualiteit in ons eie lewe, gemeente en kerk te hê, moet ons aan

alvier hierdie aspekte van godsdienstelewenis aandag gee. Ons moet besef dat ons almal se voorkeure nie dieselfde is nie, en dat ons aan ander lidmate die ruimte moet gee om ook hul spiritualiteitsvoorkeure in die eredienste en die gemeente uit te leef.

In die gemeente moet ons aandag gee aan die volgende:

- **Barmhartigheidswerk**  
Die barmhartigheidswerk van gelowige lidmate is belangrik om veral die hand-mense die geleentheid te gee om hul geloof uit te leef.
- **Onderrig**  
Die onderrig oor God en sy Woord met prediking, katechese en pastoraat is iets waarsonder ons nie gemeente kan wees nie. Ons moet God leer ken om Hom te kan vertrou, en dit is wat geloof is: kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord.
- **Gemeenskap van geloof**  
Die gemeenskap van geloof waar ons werklik en hartlik vir mekaar omgee en lief is, is 'n sleutel tot gemeente wees. Ek kan nie op my eie gelowige wees nie.
- **Verloop van die eredienste**  
Die manier waarop ons eredienste hou en wat ons sing, die orde van die eredienste en die gebeure in die eredienste (liturgie) kan nie strak en koud wees nie. Om die Here te loof, is 'n opdrag in die Bybel. Ons moet onthou ons vier die eredienste en ander kerklike feesdae soos Goeie Vrydag, Paassondag en Kersfees.

In die Nederduitsch Hervormde Kerk moet ons mekaar se geestelike behoeftes en godsdienstelewenis (spiritualiteitsvoorkeure) in ag neem. Ons moet by mekaar leer en mekaar se voorkeure respekteer.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het sy eie karakter, aard, tradisies en maniere van doen. Ons moet weet waar ons vandaan kom, waarheen ons op pad is en wie ons is.

## IETS OM TE DOEN

- Hanteer onderstaande handeling (elemente) van die eredienste een vir een. Gebruik die gedeelte tussen hakies as verduideliking van wat elke handeling is.
- Laat die kinders met mekaar gesels oor hoe hulle tans hierdie handeling (elemente) in die eredienste van die gemeente beleef. Ervaar hulle die spesifieke elemente as 'n kop-, hart-, mistiek- of hand-aangeleentheid?
- Vra enkele kinders óf hulle en hoé hulle dit anders sou wou gehad het.
  - Votum. (Die predikant gebruik 'n toepaslike gedeelte uit die Bybel om die betekenis van die ontmoeting tussen die Here en sy gemeente te verwoord, en spreek dan die seën van die Here oor hulle uit.)
  - Lofsang. (Omdat die Here self teenwoordig is en sy kinders tuis laat voel en hulle boonop nog seën ook, antwoord die gemeente met blydschap deur 'n lofsang tot God se eer te sing.)
  - Wet. (Die gemeente luister na die verwagtinge van die Here – hulle besef onmiddellik hoe groot hul sonde en ellende is.)
  - Skuldbeledening. (Met die besef van hul sonde bely hulle onmiddellik hul skuld.)

- Genadeverkondiging. (Die Here aanvaar hul berou en verkondig dadelik sy genade en verlossing.)
- Geloofsbelydenis. (Die gemeente wie se skuld vergewe is, bely hul geloof in die drie-enige God: die Vader wat hulle versorg, Jesus Christus wat hulle verlos en die Heilige Gees wat hulle lei en troos in die kerk.)
- Skriflesing en prediking. (Die evangelie van God se heilswerk in menselewens word verkondig.)
- Gebede. (Die gemeente antwoord op God se Woord met hul gebede.)
- Ander liedere wat tydens die erediens gesing word. (Met hul liedere doen gelowiges verskeie dinge – hulle dank en prys, hulle bely hul skuld en geloof, hulle bid en hulle verkondig.)
- Vat die opmerkings van die kinders aan die einde van die gesprek saam en beklemtoon dat –
  - nie een van ons net 'n kop-mens, hart-mens, mistiek-mens of hand-mens kan wees nie. Ons moet gebalanseerde lidmate van die kerk wees.
  - ons van mekaar mag verskil wat bogenoemde betref – elkeen van ons mag die erediens en al die gemeentewerk op 'n ander manier beleef.

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

Laat hulle met hul gesinne gesels oor wat hulle vandag geleer het. Laat hulle veral in gedagte hou dat Kersfees voorlê. Moedig hulle aan om saam met hul gesinne Kersfees en die Sondae rondom Kersfees in die erediens saam met die kerk dwarsoor die wêreld te vier. Hulle moet oplet hoe die eredienste rondom Kersfees anders as gewoonlik ingerig word. Laat hulle met mekaar gesels oor die sinvolheid daarvan.

### **AFSLUITING**

Bedank al die kinders vir hul teenwoordigheid hierdie jaar. Bedank hulle ook vir hul aandeel in die sukses van hierdie jaar se kategese. Gee aan elkeen van hulle die geleentheid om te sê wat vir hulle hierdie jaar uitgestaan het en wat hulle die meeste geniet het. Wens hulle sterkte toe met die eindeksamen, en wens hulle 'n geseënde Kersfees toe.

Sluit af met hierdie Kersgesang, Gesang 346, as gebed.

*Ek kniel ook voor u voete, Heer,  
U, Jesus, is my lewe!  
Saam met die herders kniel ek neer.  
God het my skuld vergewe!  
O neem my denke, wil, gevoel;  
laat streef my na die hoogste doel –  
om tot u eer te lewe!*

*Lank voordat ek op aarde was,  
is U vir my gebore.  
Voor ek van U 'n woord kon hoor,  
was ek reeds uitverkore.*



*U het die hemelryk verlaat;  
U maak my na Gods wyse raad  
sy kind – nie meer verlore!*

*In diepe donkerheid en nag  
raak ek die pad soms byster.  
Stuur, Heer, u Gees; skenk, Heer, u krag  
en lei my deur die duister.  
U, Son wat deur die wolke breek  
en in my hart u lig ontsteek,  
verlig my met u luister! Amen.*